higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N530**(A)**(N15)H

NATIONAL CERTIFICATE

MODETEKENINGE N6

(Eerste Vraestel)

(10010556)

15 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

VEREISTES: 'n Antwoordboek en VYF velle A4-tikpapier (meer is beskikbaar vir rofwerk)

Kandidate moet ALLE vereistes en kunsmediums verskaf wat in Modetekeninge gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 3 bylaes-, wat die instruksies vir die tweede vraestel insluit.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

2. AFDELING A: 50 punte
   Vrae in hierdie afdeling moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.

3. AFDELING B: 50 punte
   Vrae in hierdie afdeling moet op TIKVELLE beantwoord word. Die TIKVELLE moet in die ANTWOORDBOEK vasgeplak word.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Lees AL die vrae deeglik deur.

6. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Gebruik die 'croquis' wat verskaf word op die aangehegte addenda A en B.

8. BYLAE C bevat die instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet noukeurig bestudeer word voor die tweede vraestel op 27 November 2018 geskryf word.

9. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1


1.1 Bestudeer die skets hier onder noukeurig en teken gepaste bykomstighede om by die gegewe uitrusting te pas.

Toon slegs EEN vlakby skets ('close-up sketch') van elkeen van die volgende:

1.1.1 'n Paar gepaste skoene


1.1.2 'n Gepaste hoed

1.1.3 'n Gepaste haarstyl



(3 × 5) (15)

1.2 Bestudeer die volgende skets en noem die verskillende bykomstigheede en detail op die kledingstukke, soos aangetoon. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10)
[25]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Gee 'n ander naam vir 'n ontwerpskets. (1)

2.1.2 Gee TWEE ander name vir 'n plat skets ('flat sketch'). (2)

2.1.3 Watter TWEE drukmetodes is voorbeelde van reliëfdrukwerk? (2)

2.1.4 Gee 'n ander naam vir 'n ontwerpontwikkelingsvel ('design development sheet'). (1)

2.1.5 Beskryf 'n *wasser/skuiwer* ('*squeegee').* (2)

2.1.6 Noem VIER tipes gereedskap ('tools') en materiaal wat nodig is om syskermdrukwerk mee te doen. (4)

2.1.7 Noem DRIE stukke gereedskap en materiaal wat nodig is om linodrukwerk mee te doen. (3)

2.2 Beatnwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse ontwerpers.

2.2.1 Watter welbekende ontwerper het die J & B-ontwerperstoekenning in 1995 gewen?

2.2.2 Watter SA ontwerper het sy boetiek in die Rosebank Winkelsentrum ('Mall') geopen?

2.2.3 Watter ontwerper het sy eie handelsmerk vanuit 'n klein winkeltjie in Orangestraat, Kaapstad, van stapel gestuur?

2.2.4 Watter ontwerper se loopbaan is deur Barbara Barnard en die Fair Lady-tydskrif van stapel gestuur?

(4 × 1) (4)

2.3 Beantwoord die volgende vrae oor internasionale ontwerpers.

2.3.1 Watter internasionale ontwerper word met 'warm pienk ('hot pink') vereenselwig?

2.3.2 Watter Japannese ontwerper is die prominentste reisiger in die modewêreld, die mees multikulturele en die mees sinkretiese?

2.3.3 Wie het eksklusiwiteit na die sigeuner- ('gypsy') en hippie-eras gedurende 1968–1975 gebring?

2.3.4 Watter Duitsgebore ontwerper het aan die einde van 1982 die beheer by Chanel oorgeneem?

2.3.5 Watter Italiaanse ontwerper het sy modehuis in 1953 geopen? Hy het onberispelike randafwerkings soos omstiksels, krae en skulprandbelegsels op pakke gebruik.

2.3.6 Watter internasionale ontwerper het die sigeunervoorkoms ('gypsy look') bekend gestel? (6)


(6 × 1) **[25]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B


VRAAG 3


3.1 Bestudeer die skets hier onder en maak produksietekeninge van die uitrusting. Toon slegs die vooraansig van AL die kledingstukke wat die model dra. Hou AL die vereistes vir goeie produksietekeninge in gedagte.



(25)

3.2 Bestudeer die sketse hier onder en maak 'n aanbiedingstekening ('presentation drawing') van 'n vrou wat die gegewe uitrusting dra. Toon die vooraansig van die uitrusting in volkleur en sluit die bykomstighede in wat saam met die uitrusting gedra word. Hou AL die vereistes vir 'n goeie aanbiedingstekening ('presentation drawing') in gedagte.






(25)
[50]


TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B



Kopiereg voorbehou

BYLAE C

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies op hierdie ADDENDUM om voor te berei vir die TWEEDE VRAESTEL wat binnekort geskryf word.

2. Gebruik die gegewe tema in INSTRUKSIE NR 7 hier onder om genoeg inligting vir die eksamen te versamel.

3. Jy mag ALLE versamelde skriftelike inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, versierings ('trimmings'), tydskrifprente en ander noodsaaklikhede by die eksamenlokaal inbring om 'n stel modeborde ('fashion boards') en -sketse oor hierdie gegewe tema te voltooi, soos dit in die bedryf gedoen word.

4. Tydens die vyfuureksamen moet jy óf 'n inspirasiebord en/óf ontwerpontwikkelingsbord en/óf 'n aanbiedingsbord en/óf produksie-tekening en/óf 'n bykomstighedebord oor die gegewe tema maak. Die spesifieke sketse wat jy moet maak, sal in die vraestel vir die vyfuureksamen gegee word.

5. LET WEL: Jy mag NIE modesketse of modeborde by die eksamenlokaal inbring nie. 'Croquis' sal voorsien word en ALLE modesketse moet gedurende die vyfuureksamentydperk gedoen word.

6. Die eksamenvraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit DRIE verskillende tipe sketse of borde oor die gegewe tema in. Elke vraag of modebord of stel sketse tel 100 punte en die tweede vraestel tel dus 'n totaal van 300 punte.

LEES DIE INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA NOUKEURIG

Gebruik die tema SWART MAAR PELS ('BLACK BUT FUR') as inspirasie vir 'n nuwe modetendens. Ontwerp 'n reeks elegante uitrustings wat met pels versier is wat jong kollegestudente na die kollege se jaareindfunksie kan dra. Jou kliënte is modebewuste studente met moderne smaak.

MOENIE enige modesketse of modeborde tydens jou voorbereiding maak nie. ALLE tekeninge en modeborde MOET TYDENS DIE FORMELE EKSAMEN GEDOEN WORD.

Jy moet jou EIE kleurmediums, tekenpapier en karton voorsien waarop die tekeninge gedoen moet word. Karton is nodig om die finale modeborde klaar te maak. Dit moet in A3-grootte wees en die kleur moet die reeks komplementeer sodat dit 'n professionele voorkoms het. Netheid en aanbieding is belangrike faktore wat in gedagte gehou moet word.

Kopiereg voorbehou